Western Cape Government

Education

Direktoraat: Kurrikulum VOO

# TELEMATIESE ONDERRIG 2015

# REKENINGKUNDE
# Graad 11

Liewe Graad 11 Rekeningkundeleerder

Welkom tot hierdie Telematiese projek. Hierdie program sal jou hersienings- en studieprogram ondersteun in jou voorbereiding vir die finale Graad 11 Rekeningkunde-eksamen.

Hierdie program bied jou ‘n geleentheid om dit wat jy in die klas geleer het, vas te lê. Die aanbieders sal op die ontleding en vertolking van finansiële state van Vennootskappe fokus. Hierdie onderwerp is baie belangrik vir Graad 11 en vir Graad 12, waar jy dieselfde onderwerp in die konteks van Maatskappye sal doen.

**Wenke vir sukses in Rekeningkunde**

**Om te slaag in Rekeningkunde moet jy op die volgende let:**

- Begin werk vanaf die eerste dag
- Let noukeurig op in die klas om te verseker dat jy die werk verstaan
- Voltooi Rekeningkunde huiswerk/oefeninge daagliks
  OEFEN…OEFEN…OEFEN
- Werk netjies en akkuraat
- Toon berekeninge in hakies
- Lees instruksies by vrae/aktiwiteite versigtig en maak seker jy verstaan wat gevra word
- Wees nougeset in die voltooiing van take,assesseringsaktiwiteite en toetse asof jy vir die finale eksamen voorberei
- Maak gebruik van vorige eksamenvraestelle en toetse vir hersiening
- Verfyn jou eksamentegniek: wanneer jy hersien, kies vrae wat jou in jou swakker areas sal verryk. Gebruik die tydstoekennings in die vraag om te bepaal of jy die vraag in die beskikbare tyd kan voltooi.

Voorspoed met voorbereiding vir jou Graad-11 eindeksamen in Rekeningkunde.

Dr GR Schreuder
Senior Kurrikulumbeplanner: Rekeningkunde

## TELEMATIESE ONDERRIG

### REKENINGKUNDE ROOSTER – GRAAD 11

| ***Date/Datum*** | | ***Time/Tyd*** | ***Topic/Onderwerp*** | ***By the end of this lesson you should know:***<br>***Teen die einde van hierdie les behoort jy die volgende te ken:*** |
|---|---|---|---|---|
| Monday<br>19 October | Accounting | 16:00 – 17:00 | **Partnerships**<br>Analysis and interpretation of financial statements | ▪ The purpose of calculating and analysing financial indicators<br>▪ The questions asked by readers of financial statements<br>▪ Where to find the information<br>▪ How to calculate financial indicators/ratio's<br>▪ How to analyse financial indicators/ratio's |
| | | | | |
| Dinsdag<br>20 Oktober | Rekeningkunde | 16:00 – 17:00 | **Vennootskappe**<br>Ontleding en vertolking van finansiële state | ▪ Waarom ons finansiële aanwysers bereken<br>▪ Waar om die inligting te kry<br>▪ Hoe om finansiële aanwysers/verhoudings te bereken<br>▪ Hoe om finansiële aanwysers/verhoudings te ontleed |
| | | | | |
| Thursday<br>29 October | Accounting | 16:00 – 17:00 | **Partnerships**<br>Analysis and interpretation of financial statements | ▪ The purpose of calculating and analysing financial indicators<br>▪ Where to find the information<br>▪ How to calculate financial indicators/ratio's<br>▪ How to analyse financial indicators/ratio's |
| | | | | |
| Vrydag<br>30 Oktober | Rekeningkunde | 16:00 – 17:00 | **Vennootskappe**<br>Ontleding en vertolking van finansiële state | ▪ Waarom ons finansiële aanwysers bereken<br>▪ Waar om die inligting te kry<br>▪ Hoe om finansiële aanwysers/verhoudings te bereken<br>▪ Hoe om finansiële aanwysers/verhoudings te ontleed |

**Aktiwiteit 1**

**Basiese vrae wat deur lesers/gebruikers van finansiële state gevra word**

Die finansiële aanwysers wat jy moet kan bereken, beantwoord sekere vrae rakende die finansiële state van 'n besigheid. Daar is 5 vrae wat lesers/gebruikers vra. Pas die vrae in Kolom B met die kategorie in Kolom A. Skryf die korrekte antwoord langs die kategorie in Kolom A.

| | Kolom A |
|---|---|
| **1.1** | Winsgewendheid |
| **1.2** | Solvensie |
| **1.3** | Likiditeit |
| **1.4** | Opbrengs |
| **1.5** | Finansiële risiko / hefboom |

| | Kolom B |
|---|---|
| **A** | Kan die besigheid sy onmiddellike skulde met gemak vereffen? |
| **B** | Verdien die eienaars (vennote) 'n goeie opbrengs op hulle belegging? |
| **C** | Tot watter mate word die besigheid deur lenings gefinansier in vergelyking met kapitaal? |
| **D** | Is die besigheid doeltreffend in sy gewone bedryfsaktiwiteite? Met ander woorde, maak hulle 'n wins en hoe goed word die besigheid se uitgawes hanteer? |
| **E** | Kan die besigheid al sy skulde met gemak vereffen? |

**Aktiwiteit 2**

**Waar om die inligting te kry**

Wanneer finansiële aanwysers bereken word, kan die inligting in die Inkomstestaat of in 'n afdeling van die Balansstaat gevind word.

Dui aan waar jy die volgende inligting sal vind:

| | Inligting | Waar om dit te vind |
|---|---|---|
| 2.1 | Bruto wins | Boonste deel van Inkomstestaat |
| 2.2 | Verkope (omset) | |
| 2.3 | Netto wins | |
| 2.4 | Bedryfslaste | |
| 2.5 | Bedryfswins | |
| 2.6 | Bedrag deur elke vennoot belê | |
| 2.7 | Bedryfsbates | |
| 2.8 | Voorraad | |
| 2.9 | Bedrag deur vennote onttrek | |
| 2.10 | Debiteure | |
| 2.11 | Nie-bedryfslaste | |
| 2.12 | Krediteure | |

**Aktiwiteit 3**

**Finansiële aanwysers**

Jy moet die volgende finansiële aanwysers kan bereken en vertolk. Jy hoef dit NIE te memoriseer NIE, want hoe om dit te bereken kan van die finansiële aanwysers gelees word. Dit is belangriker om te verstaan wat uit die finansiële aanwyser rakende die besigheid gelees kan word.

| Kategorie | Finansisiële aanwysers | Hoe om te bereken |
|---|---|---|
| Winsgewendheid & bedryfsdoel-treffendheid | % Bruto wins op verkope (omset) | |
| | % Bruto wins op koste van verkope (winsopslag %) | |
| | % Bedryfsuitgawes op verkope (omset) | |
| | % Bedryfswins op verkope (omset) | |
| | % Netto wins op verkope (omset) | |
| Solvensie | Netto Bates | |
| | Solvensieverhouding | |
| Likiditeit | Netto bedryfsbates of netto bedryfskapitaal | |
| | Bedryfsverhouding | |
| | Vuurproefverhouding | |
| | Voorraadomsetsnelheid | |
| | Periode waarvoor voldoende voorraad voorhande is | |
| | Debiteure-invorderingstermyn | |
| | Krediteurebetalingstermyn | |

| | | |
|---|---|---|
| Hefboom / Risiko | Skuld-ekwiteit-verhouding | |
| Opbrengs | % Opbrengs op gemiddelde eienaarsbelang | |
| | % Opbrengs deur elke vennoot verdien | |

**Aktiwiteit 4**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Exquisite Curios Winkel vir die jaar geëindig 28 Februarie 2015. Sally Peter en Walter Pan is die eienaars van die besigheid.

**GEVRA:** **Bereken die finansiële aanwysers hieronder. Bereken almal tot een desimale plek. Die 2014 berekeninge is vir jou gegee.**

| **Winsgewendheid** | | **2014** |
|---|---|---|
| 4.1 | Bruto wins op koste van verkope | 90% |
| 4.2 | Bruto wins op verkope | 47,4% |
| 4.3 | Bedryfsuitgawes op verkope | 29,7% |
| 4.4 | Bedryfswins op verkope | 12,8% |
| 4.5 | Netto wins op verkope | 10,1% |
| **Likiditeit** | | **2014** |
| 4.6 | Bedryfsverhouding | 5,4 : 1 |
| 4.7 | Vuurproefverhouding | 2,1 : 1 |
| 4.8 | Voorraadomsetsnelheid | 8,3 keer |
| 4.9 | Periode waarvoor voldoen voorraad voorhande is | 44 dae |
| 4.10 | Debiteure-invorderingstermyn | 69 dae |
| 4.11 | Krediteurebetalingstermyn | 60 dae |
| **Solvensie** | | |
| 4.12 | Solvensieverhouding | 2,9 : 1 |
| **Risiko/Hefboom** | | |
| 4.13 | Skuld-ekwiteit-verhouding | 0,4 : 1 |
| **Opbrengs** | | |
| 4.14 | % Opbrengs op ekwiteit | 16,5% |
| 4.15 | % Opbrengs deur Peter verdien | 16% |
| 4.16 | % Opbrengs deur Pan verdien | 17% |

**INLIGTING:**

**A. Syfers uit die Inkomstestaat**

| | |
|---|---|
| Verkope (50% op krediet) | 2 839 200 |
| Koste van verkope (alle voorraad is op krediet aangekoop) | 1 622 400 |
| Bedryfsuitgawes | 792 720 |
| Bedryfswins | 424 080 |
| Netto wins | 375 600 |

**B. Syfers uit die Balansstaat geneem**

| | 2015 | 2014 |
|---|---|---|
| Kapitaal | 1 824 000 | 1 680 000 |
| Peter | 960 000 | 960 000 |
| Pan | 864 000 | 720 000 |
| Privaatrekeninge | 243 600 | 84 000 |
| Peter | 151 200 | 60 000 |
| Pan | 92 400 | 24 000 |
| Lening: Reliant Bank | 288 000 | 768 000 |
| Bedryfslaste | 261 600 | 165 600 |
| Handels- en ander betaalbare bedrae | 194 400 | 165 600 |
| Oortrokke Bank | 67 200 | 0 |
| Vaste/Tasbare bates | 1 969 200 | 1 396 800 |
| Vaste deposito: Big Bank (5,5%) | 168 000 | 408 000 |
| Bedryfsbates | 480 000 | 892 800 |
| Voorrade (slegs handelsvooraad) | 270 000 | 342 000 |
| Handels- en ander ontvangbare bedrae (slegs debiteure) | 204 000 | 486 000 |
| Kontant en kontantekwivalente | 6 000 | 64 800 |

| **Privaatrekeninge** | **Peter** | **Pan** | **Totaal** |
|---|---|---|---|
| Wins vir die jaar | 235 200 | 140 400 | 375 600 |
| Vennote se salarisse | 108 000 | 72 000 | 180 000 |
| Vennote se bonuse | 36 000 | 0 | 36 000 |
| Rente op kapitaal | 48 000 | 39 600 | 87 600 |
| Primêre verdeling | 192 000 | 111 600 | 303 600 |
| Deel van oorblywende wins | 43 200 | 28 800 | 72 000 |
| Onttrekkings | (144 000) | (72 000) | (216 000) |
| Behoue inkomste vir die jaar | 91 200 | 68 400 | 159 600 |
| Behoue inkomste aan begin van jaar | 60 000 | 24 000 | 84 000 |
| Behoue inkomste aan einde van jaar | 151 200 | 92 400 | 243 600 |

**Aktiwiteit 5**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Brooklynne Handelaars. Die besigheid word besit deur twee vennote, Ben Brookes en Ian Lynne.

**GEVRA:**

Bestudeer die inligting en beantwoord die vrae wat volg. Haal syfers en/of die werklike finansiële aanwysers (verhoudings/persentasies), waar van toepassing, aan om jou antwoord te ondersteun.

**INLIGTING:**

Die volgende inligting is geneem uit die grootboek op 28 Februarie 2015:

**KAPITAAL: LYNNE**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 2014 Maart | 1 | Saldo | 900 000 |
| | | | | Aug | 31 | Bank | 800 000 |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | 1 700 000 |
| | | | | | | | |

**PRIVAATREKENING: LYNNE**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2015 Feb | 28 | Onttrekkings: Lynne | 77 000 | 2014 Maart | 1 | Saldo | 40 000 |
| | | | | 2015 Feb | 28 | Salaris: Lynne | 70 000 |
| | | | | | | Rente op kapitaal | 48 000 |
| | | Saldo | 90 000 | | | Verdelingsrekening | 9 000 |
| | | | 167 000 | | | | 167 000 |
| | | | | 2015 Maart | 1 | Saldo | 90 000 |

**Die volgende syfers is uit die Balansstaat geneem:**

| | **2015** | **2014** |
|---|---|---|
| Vaste/Tasbare bates | 3 052 000 | 2 270 000 |
| Beleggings | 150 000 | 180 000 |
| Bedryfsbates | 850 000 | 720 000 |
| **TOTALE BATES** | 4 052 000 | 3 170 000 |
| | | |
| Eienaarsbelang | 2 732 000 | 2 330 000 |
| Nie-bedryfslaste (14% p.j.) | 1 000 000 | 600 000 |
| Bedryfslaste | 320 000 | 240 000 |
| **TOTALE EKWITEIT & LASTE** | 4 052 000 | 3 170 000 |

**Bedrae uit die finansiële state geneem:**

| | 2015 | 2014 |
|---|---|---|
| Verkope (40% op krediet) | 3 100 000 | 4 200 000 |
| Koste van verkope | 1 820 000 | 2 640 000 |
| Bedryfswins | 365 800 | 600 600 |
| Netto wins | 269 000 | 520 000 |
| Kapitaal – Brookes | 1 000 000 | 1 400 000 |
| Kapitaal – Lynne | 1 700 000 | 900 000 |
| Privaatrekening – Brookes | (58 000) | (10 000) |
| Privaatrekening – Lynne | 90 000 | 40 000 |
| Handelsvoorraad | 180 000 | 440 000 |
| Handelsdebiteure | 410 000 | 230 000 |
| Handelskrediteure | 245 000 | 184 000 |

**Finansiële aanwysers:**

| | 2015 | 2014 |
|---|---|---|
| Bedryfswins as 'n % van verkope | 11,8% | 14,3% |
| Netto wins as 'n % van verkope | 8,6% | 12,2% |
| Bedryfskapitaalverhouding | 2,6:1 | 3,0:1 |
| Vuurproefverhouding | 2,1:1 | 1,2:1 |
| Voorraadomsetsnelheid | 5,9 | 7,0 |
| Gemiddelde debiteure-invorderingstermyn | ? | 54 dae |
| Gemiddelde krediteurebetalingstermyn | 23 dae | 25 dae |
| Solvabiliteitsverhouding | ? | 3,4:1 |
| Skuld-ekwiteit-verhouding | ? | 0,26:1 |
| Opbrengs op totale kapitaal aangewend | 10,1% | 11,2% |
| % opbrengs op gemiddelde ekwiteit | 12,9% | 17,1% |
| % opbrengs  deur Brookes verdien | 14,7% | 16,6% |
| % opbrengs deur Lynne verdien | ? | 17,3 |

**VRAE:**

5.1 **Solvensie**

5.1.1 Bereken die verhouding van totale bates tot totale laste vir 2015.

5.1.2 Lewer kommentaar op hierdie verhouding. Sal die besigheid moontlike solvabiliteitsprobIeme ervaar? Verduidelik kortliks.

5.2 **Hefhoom:**

5.2.1 Bereken die skuld-ekwiteit-verhouding vir 2015.

5.2.2 Lynne is nie gelukkig met die skuld-ekwiteit-verhouding nie en is van mening dat dit die besigheid se prestasie negatief beïnvloed. Noem TWEE punte wat haar mening sal ondersteun.

5.3 **Opbrengste en ekwiteit:**

5.3.1 Bereken Lynne se %-opbrengs op gemiddelde ekwiteit.

5.3.2 Lynne is van mening dat haar opbrengs onbevredigend is en dat Brookes bevoordeel word as gevolg van sy senior posisie in die vennootskap. Noem DRIE punte om Lynne se mening te ondersteun.

5.4 **Likiditeit:**

5.4.1 Bereken die gemiddelde debiteure-invorderingstermyn vir 2015.

5.4.2 Die klante kla dat die besigheid selde voorraad aanhou van die modelle of style wat hulle graag sou wou koop. Watter syfers en finansiële aanwysers is bewyse van hierdie probleem? Verduidelik kortliks. Noem TWEE punte.

5.4.3 Die vennote verskil oor die likiditeitsposisie.

- Brookes is nie bekommerd oor die likiditeitsposisie vir die nabye toekoms nie.
- Lynne is van mening dat daar gevaartekens is vir die langtermyn-volhoubaarheid van die besigheid, sover dit likiditeits- en kontantvloei aangaan.

Noem TWEE punte om Brookes se mening te ondersteun en TWEE punte om Lynne se mening te ondersteun.

**Aktiwiteit 6**

Jy word voorsien van inligting verkry uit die finansiële state van Manchester Handelaars. Die besigheid word deur twee vennote, Mandy en Chester, besit.

**GEVRA:**

Bestudeer die inligting en beantwoord die vrae wat volg.

**INLIGTING:**

Uittreksel uit die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2015, met vergelykende syfers:

| | **2015**<br>**R** | **2014**<br>**R** |
|---|---|---|
| Verkope | 745 500 | 630 800 |
| Koste van verkope | 426 000 | 380 000 |

Uittreksel uit die Verdelingstaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2015:

- Netto wins vir die jaar, R152 000
- Totale bedrag deur Nkosi verdien, R103 000
- Totale bedrag deur Zama verdien, R49 000

Uittreksel uit die Balansstaat op 28 Februarie 2015, met vergelykende syfers:

| | **2015**<br>**R** | **2014**<br>**R** |
|---|---|---|
| Vaste bates (drawaarde) | 381 790 | 336 950 |
| Beleggings (9% p.j.) | 140 000 | 30 000 |
| Bedryfsbates | 113 560 | 121 050 |
| **TOTALE BATES** | 635 350 | 488 000 |
| | | |
| Eienaarsbelang | 473 710 | 326 150 |
| Kapitaal: Mandy | 275 000 | 200 000 |
| Kapitaal: Chester | 200 000 | 125 000 |
| Privaatrekening: Mandy | (dt.) 24 690 | (kt.) 2 350 |
| Privaatrekening: Chester | (kt.) 23 400 | 1 200 |
| Nie-bedryfslaste (13% p.j.) | 94 840 | 114 000 |
| Bedryfslaste | 66 800 | 48 420 |
| **TOTALE EKWITEIT EN LASTE** | 635 350 | 488 570 |

Finansiële aanwysers bereken op 28 Februarie 2015, met vergelykende syfers:

| | **2015** | **2014** |
|---|---|---|
| Bruto wins op koste van verkope | 75,0% | 65,0% |
| Bedryfsuitgawes op verkope | 21,0% | 21,2% |
| Bedryfswins op verkope | 21.8% | 19,5% |
| Netto wins op verkope | ? | 17,2% |
| Bedryfsverhouding | ? | 2,5 : 1 |
| Vuurproefverhouding | 0,6 : 1 | 0,8 : 1 |
| Voorraadomsetsnelheid | 6 keer | 4,5 keer |
| Debiteure-invorderingstermyn | 30 dae | 45 dae |
| Krediteurebetalingstermyn | 60 dae | 60 dae |
| Skuld-ekwiteit-verhouding | ? | 0,35 : 1 |
| Totale bates tot totale laste | 3,9 : 1 | 3,0 : 1 |
| Opbrengs op totale kapitaal aangewend | 32,8% | 30,5% |
| % opbrengs op gemiddelde ekwiteit | 38,0% | 33,2% |
| % opbrengs deur Mandy verdien | ? | 34,4% |
| % opbrengs deur Chester verdien | 28,2% | 33,0% |

6.1 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir 2015:
6.1.1 Persentasie netto wins op verkope
6.1.2 Bedryfsverhouding
6.1.3 Skuld-ekwiteit-verhouding
6.1.4 Persentasie opbrengs deur Mandy op haar gemiddelde ekwiteit verdien

6.2 Gebruik die vuurproefverhouding om die bedrag van handelsvoorraad voorhande op 28 Februarie 2015 te bereken.

6.3 Behoort die vennote tevrede te wees met die beheer oor die bedryfsuitgawes? Verduidelik jou antwoord kortliks. Haal verhoudings, persentasies of bedrae aan om jou antwoord te staaf.

6.4 Lewer kommentaar op die likiditeitsposisie van die besigheid op 28 Februarie 2015. Haal verhoudings, persentasies of bedrae aan om jou kommentaar te staaf. Verskaf DRIE punte.

6.5 Chester is van mening dat Mandy se onttrekkings onredelik is. Haal syfers aan om sy mening te staaf. Hoe beïnvloed dit die besigheid?

6.6 Lewer kommentaar op die persentasie opbrengs deur die besigheid en die vennote verdien. Haal verhoudings, persentasies of bedrae aan om jou antwoord te staaf. Verwys na DRIE aspekte.

6.7 Die besigheid benodig dringend 'n afleweringsvoertuig wat ongeveer R300 000 sal kos. Na jou mening, hoe moet die besigheid die koste van die voertuig finansier? Gee 'n rede vir jou antwoord.